Die Groep

	Teikenmark	Getal winkels

SHOPRITE

Shoprite is die oorspronklike besigheid van die groep en bly die vlagskip handelsnaam wat die massa-middelmark bedien. Dit is die handelsnaam met die meeste winkels in die RSA en die handelsnaam wat gebruik word om die groei in Afrika te lei. Die handelsnaam se kernfokus is daarop om die massas van die laagste moontlik pryse op 'n reeks kruideniers-ware en sekere duursame goedere te voorsien. Spesifieke klem word op basiese produkte, wat kritiek is vir die kernteikenmark, geplaas.

LSM 4-7

RSA: **331**
Nie-RSA: **78**

Totaal: 409

SHOPRITE Usave

Usave is 'n geen fieterjasies afslagwinkel wat op die laerinkomste-verbruiker fokus. Hierdie kleiner formaat, beperkte reeks winkel is 'n ideale manier waarop die Groep in Afrika uitbrei en voorsiening maak vir heelwat groter indringing in onderbediende gebiede binne Suid-Afrika.

LSM 1-5

RSA: **189**
Nie-RSA: **34**

Totaal: 223

Checkers better and better

Checkers het homself herposisioneer om op die hoër-inkomste verbruiker met min tyd vir inkopies te fokus, en gedifferensieer ten opsigte van sy spesialiteitsreekse vleis, kase en wyne. Hulle volledige reeks kruidenierswaare en nie-voedsel huishoudelike items word beloof teen 'n deurlopende goeie waarde waarvoor die Groep bekendheid verwerf het. Die winkels dwarsoor Suid-Afrika en Namibië is in winkelsentrums en ander gerieflik-geleë besigheidspersele, toeganklik vir die meer gegoede residensiële gebiede.

LSM 8-10

RSA: **154**
Nie-RSA: **4**

Totaal: 158

Checkers Hyper

Checkers Hyper bied dieselfde spesialiteitskoskeuse en goeie waarde vir geld as Checkers, maar binne groot-formaat winkels wat grootmaat-inkopies eerder as gemaksinkopies aanmoedig. Die algemene handelsware reekse is by verre wyer in die Hyper winkels, en fokus op kategorieë soos klein toerusting, troeteldier toebehore, tuin- en swem-badsorg, buitemuurse toerusting, huisverbeteringe, huisware, baba-produkte, speelgoed en skryfbehoeftes. Checkers Hyper winkels word slegs in Suid-Afrika gevind, in gebiede met 'n hoë bevolkingsdigtheid.

LSM 8-10

RSA: **26**
Nie-RSA: **0**

Totaal: 26

OK Furniture NO PROBLEM

Die OK Furniture ketting, met sy wye geografiese verspreiding van winkels, streef daarna om 'n wye verskeidenheid meubels, elektriese toebehore en tuisvermaakprodukte teen die laagste pryse met onfeilbare diens, teen afslagpryse, vir kontant of op rekening, te bied. Die ketting verkoop kwaliteit teen 'n goedkoop prys, nie goedkoop kwaliteit nie.

LSM 5-7

RSA: **205**
Nie-RSA: **27**

Totaal: 232

OK Power Express MORE FOR YOU

'n Ketting van klein-formaat winkels wat grootliks in digbevolkte gebiede voorkom, en 'n weldeurdagte reeks van wit goedere en tuisvermaakprodukte asook linne en matte verkoop, vir kontant of met kompeterende rekeningopsies.

LSM 5-7

RSA: **17**
Nie-RSA: **1**

Totaal: 18

	Teikenmark	Getal winkels

House & Home

Making Your House a Home

House & Home bied 'n kwaliteit koopervaring en 'n wye verskeidenheid van bekostigbare, eksklusiewe en welbekende reekse meubels, toerusting, tuisvermaak en vloerbedekkings aan sy klante.

LSM 7-10

RSA: **48**
Nie-RSA: **2**

Totaal: 50

MEDI-Rite PHARMACY

PROFESSIONAL PHARMACISTS YOU CAN TRUST

Nou, met meer as 120 apteke – en twee wat elke maand oopmaak – is MediRite oppad om een van die gerieflikste apteke vir miljoene Suid-Afrikaanse kruidenierskopers te word. MediRite Apteke binne Shoprite en Checkers winkels voorsien in die groeiende behoeftes van al sy klante deur maklik bereikbare en bekostigbare gesondheidsorg te bied. Baie van die apteke is in die supermarkte en bedien die ekonomies-minderbevoorregte gebiede waar daar min mediese praktisyns is.

Dieselfde as Shoprite en Checkers

RSA: **120**
Nie-RSA: **1**

Totaal: 121

LiquorShop SHOPRITE

LiquorShop Checkers

LiquorShop bied 'n eksklusiewe, gemaklike koopervaring aan Shoprite en Checkers kopers. LiquorShop se bemarking fokus vernaam op Shoprite en Checkers verbruikers maar die ligging – met 'n ingang wat apart is van die supermark – nooi die verbygaande publiek ook. Dit bied 'n volledige verskeidenheid wyne, biere en sterk drank.

Dieselfde as Shoprite en Checkers

RSA: **117**
Nie-RSA: **3**

Totaal: 120

TRANSPHARM

Transpharm Farmaseutiese Groothandelaars versprei 'n wye reeks farmaseutiese produkte en chirurgiese toerusting aan MediRite Apteke en ander apteke, hospitale, klinieke, resepterende dokters en veeartse regoor Suid-Afrika. 'n Tweede depot het hierdie jaar in Kaapstad geopen, en sodoende brei die Shoprite Groep hierdie dinamiese maatskappy uit deur hulle nasionale verspreidingsnetwerk te verbeter.

Fokus op apteke, veeartse, klinieke, hospitale en resepterende dokters.

OK FRANCHISE DIVISION

Die OK Franchise Afdeling (OKFD) het dit vir die Groep moontlik gemaak om vastrapplek in die diverse reeks vernaam kleiner, gemaks-georiënteerde markte te bekom, geleë in landelike dorpe en woon-buurte. Die winkels bied 'n wye reeks vars- en nie-bederfbare voedsel-items, en algemene handelsware. Die OKFD sluit sewe supermarkte en gemaksafsette in (OK Foods, OK Grocer, OK MiniMark, OK Value, Friendly, 7-Eleven en Priceclub), 'n groothandelaar (Megasave), en drie aangevoegde drankafsette (Enjoy OK Liquor Store, Friendly Liquormarket en 7-Eleven Liquormarket). Die OK handelsnaam word slegs toegeken aan afsetgebiede wat aan bepaalde vereistes voldoen.

Die verskillende winkelformate met hulle uiteenlopende identiteite en fasiliteite, beantwoord in die behoeftes van die gemeen-skap waarin hulle voorkom. Dit wissel van laer- tot middel-inkomste verbruikers, lewenstandaard-meting 4 tot 8, en vanaf gemaksinkopies tot groot-maataankope.

RSA: **226**
Nie-RSA: **43**

Totaal: 269